SENDING AKSIE

Inligtingstuk

Elke week raak die genade van die Here hawelose mense in die Boksburg omgewing aan deur hierdie bediening. Hierdie gemarginaliseerde mense wat deur die hoofstroomgemeenskap afgeskryf is as onherstelbaar en onreabiliteerbaar word deur hierdie bediening raakgesien as kosbare mense wat geskape is na die beeld van God.

Deur die jare het dit duidelik geword dat dit ‘n baie spesiale, maar ook ondankbare bediening is omdat dit baie min vir die mense inhou wat hierby betrokke is. Hierdie werk is suiwer Pro Deo – vir God. Dit raak kinders wat geen toekoms het nie asook mans en vrouens van alle rasse wat uitgespoeg is deur die lewe en dag tot dag probeer oorleef op straat en met minimum skuiling en geriewe. Dwelms en alkohol speel ‘n groot rol en omdat spuitnaalde gedeel word, is VIGS ‘n groot probleem. Hulle is ook blootgestel aan die naakte werklikheid van reën en koue, aanranding, mishandeling en selfs moord.

Deur Cobus en Annemarie van der Merwe en ‘n aflosspan wat hulle bystaan, word daar elke Vrydagmiddag vir hierdie mense sop met goeie voedingswaarde en brood bedien. Saam met dit word die Brood van die Lewe ook vir hulle gebreek. Sondae is daar ‘n diens by die ou Boksburg stasie waar die woord weer bedieng word. Cobus verwys na dit as die “boskerk”.

Hierdie bediening deel in die stryd en leed van die kwesbaarste mense in ons gemeenskap. Hulle menswaardigheid word gehandhaaf en ‘n sterfte op straat is nie net ‘n naamlose liggaam waarop iemand afkom nie. Cobus en Annemarie ken hulle by die naam en weet wanneer een van “ons mense” nie meer daar is nie.

As jy belangstel om hierby betrokke te raak of iets soortgelyks te doen, kan jy Cobus kontak by 082 719 9758.